In die "Episentrum" van vertaling

In gesprek met Prof Elna Mouton

Op 1 April 2005 het Elna Mouton 'n splinternuwe fase van haar lewe betree. As eerste vroulike dekaan van 'n fakulteit aan die Universiteit van Stellenbosch en die eerste voltydse vroulike teoloog in 141 jaar aan die Fakulteit Teologie, sien sy "interpretasie en vertaling" as haar belangrikste uitdaging. Sy sien haar rol as dié van skakel en vertaler tussen ten minste drie wêrelde: dié van formele opleiding aan die universiteit, die kerke, en rolspelers in die wyer gemeenskap. Hierdie soort vertolking geskied volgens haar vanuit die ryk dog ingewikkelde "episentrum" waar die verskillende wêrelde ontmoet. Dit is in hierdie brandpunt waar sy haarself vir die volgende paar jaar beskikbaar stel. Ian Nell het met haar gesels:

Ian Nell: Vertel vir ons iets van Elna die mens?

Elna Mouton: Ek is "gebore en getoë" op Ceres in die Noord-Boland, en het aan die Hoërskool Charlie Hofmeyr gematrikuleer voordat ek my studies aan die US voortgesit het. As ek terugkyk, sou ek sê dat die twee grootste invloede op my lewe my moeder was, en my blootstelling aan Xhosa-sprekende Christene in die Transkei. Die lewe en voorbeeld van my ma en kontak met gelowiges uit ander kultuurgroepe het my identiteit fundamenteel gestempel. By beide het ek die "fyn kuns van die lewe" geleer.

IAN: Jy is sedert Julie 2000 by die Fakulteit Teologie aan die US. Watter opwindende dinge het oor die afgelope vyf jaar gebeur?

ELNA: Op 1 Julie 2000 was dit maar ses maande sedert die VGK en NGK se onderskeie kuratoria besluit het om hul teologiese opleiding te herenig. Ek het myself midde-in die dinamika van 'n nuwe situasie bevind met die versnelde rat van transformasie, en studente wat uit verskillende kontekste nuwe weë moes baan. Dit was nog altyd vir my wonderlik om die welwillendheid en energie onder studente te ervaar. Die mees opwindende was om te sien hoe gereed die studente was om hul identiteit in die nuwe situasie te (laat) herdefinieer, en hoe hulle sélf dikwels inisiatief geneem het om inklusief te dink en veranderings te inisieer. Vanjaar se finalejaars sal die eerste groep wees wat van hul eerste jaar af saam in een klas was. Hulle was, saam met ander, baanbrekers om 'n nuwe verbondenheid en identiteit in die Fakulteit te help vestig, wat as voorloper sou dien vir die ontwikkeling van 'n ekumeniese Fakulteit Teologie aan die US.

> "Ek dink 'n dekaan van teologie se taak is dié van 'n *verstaanskunstenaar*".

Nóg 'n opwindende ervaring was dat ek nog altyd - my aanvanklike suspisie ten spyt - 'n hartlike verwelkoming as eerste voltydse vrouedosent by die Fakulteit ervaar. Dit bly bemoedigend dat die kerke

in beginsel sê: "Ons wil dinge anders doen, met 'n groter sin vir heelheid, met 'n dieper waardering vir verskillende gawes in die liggaam van Christus, en by name die bydrae en ervaring van vroue." Wat egter nie so vanselfsprekend is nie, is die hóé! Tweeduisend jaar se manlik-georiënteerde prosesse het sulke diep spore gelaat dat, ten spyte van die welwillendheid, ons eintlik maar pas begin het om dinge sinvol sáám te doen. Ten spyte van hoopvolle tekens, is daar egter nog té min vroueleiers om dié uitdagings die hoof te bied. Terselfdertyd is daar groot verwagtinge by vroue wat in die teologie gestudeer het, maar nie beroep word nie. Die Algemene Sinodes van die VGK en NGK het belangrike besluite in dié verband geneem wat nog tot op grondvlak moet filtreer. Daar is dus groot uitdagings wat wag wat besondere onderskeidingsvermoë van ons almal gaan vra. Om dit in 'n enkele woord te probeer saamvat: "Ek dink 'n dekaan van teologie se taak is dié van 'n *verstaanskunstenaar*".

IAN: Met ingang April 2005 het 'n nuwe fase in jou lewe begin. Wat maak jou opgewonde oor die nuwe aanstelling?

ELNA: Dis 'n enorme geleentheid, wat nie vanselfsprekend is nie. Maar 'n mens moet jouself ook nie te ernstig opneem nie! As "tolk" tussen verskillende ruimtes het my verantwoordelikheid alles te doen met interpretasie, met onderskeiding, met die kuns van luister en verstaan. Dit is om in hierdie kairos-tyd van transformasie in die opwindende dog komplekse ruimte - ek praat graag van 'n "episentrum" - te beweeg waar ten minste drie spirale mekaar oorvleuel. Hulle is naamlik die terrein van Hoër Onderwys (die US en die Fakulteit Teologie), die kerk en haar bondgenote, en die breë samelewing waarbinne ons leef. Vanuit hierdie episentrum sien ek my taak as interpreteerder van die rykdom én behoeftes van hierdie drie inter-afhanklike wêrelde. As 'n mens na die visie van die US kyk, besef jy telkens dat die universum van kennisontsluiting en -skepping by so 'n instelling 'n wonderbare wêreld van kennis en keuses vir jongmense bied. Dit alles om hulle voor te berei vir die volwasse wêreld waarbinne hul geroep word om sin te help skep.

As dekaan kry ek opnuut respek vir die breë universiteitsomgewing – vir die veelkantigheid daarvan. En die uitdaging om iets van dié verskeidenheid na die Fakulteit Teologie te laat oorspoel. Maar ook om die uitvoerende bestuur van die US op hoogte te hou met Teologie se unieke aard en bedoeling. Dit is waarom die belangrikste taak van 'n dekaan is om te luister en te probeer verstaan - 'n tipies "hermeneutiese aktiwiteit",

As "tolk" tussen verskillende ruimtes het my verantwoordelikheid alles te doen met interpretasie, met onderskeiding, met die kuns van luister en verstaan.

waarvoor die Bybelwetenskappe my goed voorberei het! Tussen al die rompslomp deur maak dit tog die werk opwindend om op talle nuwe maniere bewus te word van die verweefdheid van God se wêreld. So leer ek ook vir Gód op ander maniere ken. Dit gee my kalmte en energie om te weet dat ek nie in beheer van alles hoef te wees nie. Christus is die Here! Maar 'n mens moet ook nie naïef wees oor die versnelde werklikheid waarin ons onsself bevind nie. Dit kan jou lam maak en van binne totaal uitkalwer. En dit is juis hierin waar die integriteit van teologiese opleiding lê - om studente te begelei in die ervaring van God se teenwoordigheid te midde van...

IAN: Oor die afgelope paar jaar was daar 'n aansienlike toename van vroue-studente by die Kweekskool. Hoe sien jy die rol van vroue in leiersposisies in die toekoms van die kerk?

ELNA: Miskien net eers 'n bietjie statistiek in aansluiting by jou stelling oor die toename van vroue-studente. Daar was verlede jaar 312 ingeskrewe studente by die Fakulteit Teologie – met 26% vroue in die voorgraadse groep en 15% in die nagraadse groep. As die twee groepe gekombineer word, vorm vroue 19% (60 studente) van die totaal, met 9% bruin, swart en Indiër-studente. As 'n mens dit met 15 jaar gelede vergelyk, is dit 'n aansienlike toename. Wat vroue se teologiese stem en bydrae betref, neem ek 'n soort pendulum-beweging oor die afgelope vyftien jaar waar. In die vroeë neëntigerjare, nadat die VGK en NGK vroue tot die predikante-bediening toegelaat het, was die vroue (en sommige mans) baie ernstig oor transformasie en sou 'n mens miskien selfs kon praat van 'n "hiper-bewussyn". Hulle was baanbrekers en nie bang om ongelykhede by die naam te noem en aan te spreek nie. As gevolg van 'n sterk teenreaksie van sommige medestudente en selfs dosente, het 'n volgende geslag vroue egter 'n minder kritiese houding ingeneem, wat ent-ent selfs kon klink na 'n "ontkenning" van die kompleksiteit van sisteme en geslagte-lange ongeregtigheid teenoor vroue in die kerk. Feit is dat daar nog baie werk voorlê, veral om die subtiele verbande tussen verskillende soorte ontkenning van menswaardigheid te verreken.

IAN: In jou publikasies (veral oor Efesiërs) was die geloofsgemeenskap nog altyd sentraal. Hoe sien jy die rol van die kerk en gemeentes in 'n nuwe fase in ons land?

ELNA: Regdeur my lewe het individuele gelowiges - maar veral geloofsgemeenskappe - my gehelp om die sin van menswees te ervaar en telkens nuut

Feit is dat daar nog baie werk voorlê, veral om die subtiele verbande tussen verskillende soorte ontkenning van menswaardigheid te verreken.

te ontdek. Die keersy daarvan is die verskrikking wat vervreemding van jouself, van jou naastes en jou omgewing inhou. Die gevaar is altyd daar dat ons met ons vol programme dié deel van ons identiteit (ons gemeenskapsgerighteid) kan verwaarloos en selfs kwyt kan raak. In my hart van harte het ek immer behoefte aan egte gemeenskap – die beliggaming van die nabyheid van God sélf.

In dié verband glo ek dat dit die verantwoordelikheid van die Fakulteit Teologie is om studente goed voor te berei vir die werklikhede van vervreemding in/tussen individue en groepe. Hartseer werklikhede in verskillende gemeenskappe noodsaak dat ons sal help om studente deel te maak van prosesse van vergifnis, versoening en heling. Ons roeping is om 'n samelewing te help skep wat oop sal wees vir vergifnis en groei. Die lewegewende aard van die teologie nooi ons om voortdurend "alternatiewe werklikhede" van hoop te skep. In my onlangse professorale intreerede het ek juis hierop probeer uitbrei. Dit is presies wat die bybelse tekste doen, sodat ons nie anders kan as om in kontinuïteit daarmee ook gesagvol, bevrydend en helend te werk te gaan nie.

Deel van my droom is om gesag toe te ken aan mense wat op die rand van die samelewing beweeg - arm mense, kinders, vroue, mans - dikwels mense wat oor groot lewenswysheid beskik. Ons sal geduld moet hê terwyl ons leer om werklik na mekaar te luister - die kairos is gereed daarvoor. Weer eens sluit dit aan by die bybelse logika dat 'n mens deur God geseën word om 'n seën vir ander te wees."